Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

6 Februarie 2026 Uitgawe: 4/1/2026

## UIT DIE KANTOOR

Januarie is verby en die jaar is nou op dreef. As u na die kalender loer, sal u sien daar is heelwat dinge wat gelyktydig gebeur. Hou asb. die D6 kommunikeerder en Community-groepe dop sodat u bewus kan wees van alle tersaaklike inligting.

By Tjokkies is kultuur vir ons net so belangrik. Dankie aan al die ouers wat Maandagaand die Kultuurinligtingsaand bygewoon het. Indien u nie die geleentheid kon bywoon nie, is u welkom om die betrokke aktiwiteitshoof te nader vir enige inligting.

**Kommunikasie:**

Goeie kommunikasie is vir ons baie belangrik. Ek besef egter dat te veel inligting dalk oorweldigend kan wees, daarom is die volgende besluit geneem:

- D6 - Weekblad op Vrydae en alle belangrike inligting na die hele skool, na-ure.
- Aktiwiteitsgroepe - Aktiwiteitshoof verantwoordelik vir inligting betrekking op daardie spesifieke groep of spanne
- Community WhatsApp-groep - Belangrike inligting wat net van toepassing is op ouers van Tjokkies.
- Klasgroepe - Sal deur die klasonderwyser bestuur word. Stuur egter u navraag voor 18:00 saans. (Respekteer asb. die onderwyser se familietyd)
- E-posse - Vir enige ander navrae stuur gerus 'n e-pos na die adresse wat vir daardie doel geskep is. Inligting verskyn agter in die skoolkalender.

# ANDER

**Uitslag: Beheerliggaam tussenverkiesing**

Baie dankie aan die ouers wat tydens die tweede rondte deelgeneem het aan die BL-tussenverkiesing. Tydens hierdie rondte het heelwat meer ouers hul kruisie getrek as tydens die eerste poging op 27 Januarie.

Baie geluk aan mnr. Jan-Abraham Strauss wat verkies is tot die beheerliggaam. Baie dankie aan die ander kandidaat wat homself ook beskikbaar gestel het. In 2027 maak ons weer so!

Tjokkies verwelkom graag ons nuwe bemarker, Me. Estée Fouchè. Sy is aangestel deur die beheerliggaam in die plek van Mev. Suzane Wille wat einde verlede jaar bedank het. Ons sien uit na haar insette en watter waarde sy kan toevoeg tot ons trotse skool.

**Leerders na skool**


Ons herinner ouers vriendelik maar dringend daaraan dat leerders wat nie by die nasorgsentrum ingeskakel is nie, direk na skool afgehaal moet word. Geen personeel neem verantwoordelikheid vir hierdie leerders nie, aangesien personeel na skool by ander buitemuurse aktiwiteite betrokke is. Leerders wat wag vir hul sportaktiwiteite om te begin, moet asseblief by die snoepie-area wag en nie voor die middagklasse rondhang nie. Hierdie gedrag veroorsaak onnodige lawaai en steur die nasorgsentrum se personeel en leerders. Eerbiedig asb. hierdie reëling.

Geen leerder wat nie by buitemuurse aktiwiteite of nasorg betrokke is nie, mag dus sonder toesig by die skool gelos word nie. Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om hierdie reëling te eerbiedig. Dankie vir u samewerking in die verband.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 6-8 Feb.: | Senior Koorkamp |
| | o/11 & o/13 Tennisuitspele |
| 9 Feb.: | o/9 Krieketliga |
| 9 Feb.: | Swemspan-ouerinligtingsaand (17:30) |
| 10 Feb.: | o/11 Krieketliga |
| 11 Feb.: | Tjokkies en Willem Postma swemgala @ WP |
| 12 Feb.: | Sone A Atletiek (Stadion) |
| | o/13 Krieketliga |
| 13-14 Feb.: | Landboudal o/13 Rugbytoernooi |
| 13 Feb.: | o/9 Rugbyproewe |
| 14 Feb.: | Fichardtpark Prestige Atletiektoernooi |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 6 Feb.: | Mnr. Wessel Groenewald (Beheerliggaam Voorsitter) |
| 10 Feb.: | Juf. Ursula Helberg (Gr. 7) |
| 11 Feb.: | Juf. Valmari Coetzee (Gr. 4) |
| | Juf. Blanche Kleuterskool (KS) |
| 13 Feb.: | Juf. Geraldine Strydom (Gr. 1) |

# SWEMGALA

**Baie geluk aan die volgende swemmers:**

**Seunswenners per ouderdomsgroep:**

o/8 Henco Ferreira

o/9 Ernst Niemann

o/10 Ludwig Niemann

o/11 Graham Dettmer

o/12 Janré Slabbert

o/13 Ruan Bergh

**Dogterswenners per ouderdomsgroep:**

o/8 Madison Bonthuys

o/9 Elize Jordaan

o/10 Vida-Ani Markgraaff

o/11 Roné Kruger

o/12 Johané Goosen

**Victrix Ludorum:** Jané Tredoux

**Victor Ludorum:** Janré Slabbert

# MAMMAS WAT BID

MATTEUS 17:27 AFR83
[27] Maar ons moenie hierdie mense aanstoot gee nie. Gaan see toe en gooi hoek in, en die eerste vis wat byt, moet jy uittrek. As jy sy bek oopmaak, sal jy 'n silwermuntstuk daarin kry. Vat dit en betaal hulle die belasting vir My en vir jou."
Die Here voorsien baie kere bonatuurlik op natuurlike maniere en Hy voorsien spesifiek.

Jesus het belasting geld vir Hom en Petrus voorsien deur 'n munstuk in 'n vis se bek.

Jesus genees 'n blinde man deur spoeg en klei op sy oë te sit. (Joh. 9 1-7)

God gee oorwinning deurdat die Israeliete 7 keer om Jerigo se mure moet loop (Jos. 6:1-27)


Die Here gebruik die natuurlike (soos 'n vis...soos spoeg en klei...soos 'n lang stappie) om Sy bonatuurlike werke (voorsiening, genesing en oorwinning) in ons lewens te demonstreer. God kan nie beperk word nie en ons moet Hom ook nie beperk nie.

Jeremia 32:27 AFR20
[27] "Kyk, Ek is die Here, die God van alles wat leef. Is enigiets onmoontlik vir my?"

Niks is onmoontlik vir U nie, Here!


Dis tyd om ons geloofsokkies op te trek en te begin (en aan te hou) vertrou vir grooooooot gebedsversoeke...want ons God spesialiseer in die onmoontlike!






Tjokkies
Liewe Tjokkies
Kom bederf daardie spesiale maatjie of jouself ♡ ♡
Valentynsverkope
9-12 Februarie
tydens langpouses
Speelgoed, eetgoed en vele meer


Tjokkies
Valentynsdag
RAFFLE
R10 per kaartjie
JBL
TUNE 520BT
WEN MY!
WEN MY!
KOM KOOP JOU
KAARTJIE IN LANGPOUSE
9 - 12 FEBRUARIE




Tjokkies
WEN MY!
WEN MY!
WEN MY!
Valentynsdag
RAFFLE
R10 per kaartjie
KOM KOOP JOU
KAARTJIE IN LANGPOUSE
9 - 12 FEBRUARIE